Radio, Kaapstad, 8 Nov. 1937.

# Die Betekenis van die Groot Trek. (III)

191.Ra.1 (1/3)

Dames en Here,

Toe ek enige tyd gelede met my reeks praatjies oor hierdie onderwerp begin het, het ek verduidelik dat daar veral drie groot aspekte van die Trek se betekenis is wat aandag verdien, t.w. die ekonomiese, die staatkundige en die maatskaplik-kulturele aspek. Die eerste twee hiervan, die ekonomiese en die staatkundige, is reeds by die vorige geleenthede behandel. Dus bly dit vir my nou oor om vanaand nogeens vriendelik u aandag te versoek ten einde op die laaste groot aspek, d.i. die maatskaplike en kulturele betekenis van die Trek, in te gaan.

Die Groot Trek, moet ons onthou, was die werk van mense wat die egte en onvervalste produkte van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die Suid-Afrikaanse bodem was. Ons het te doen met die optrede nie van vreemdelinge nie, maar van mense wat in elke sin van die woord kinders van Suid-Afrika genoem kan word. En juis daarom is hulle werk vir ons van soveel betekenis. Dit is waar in 'n ekonomiese en 'n politieke sin, maar dit is des te meer waar in 'n maatskaplike en kulturele sin.

In die ou Kaapse binneland het daar vóór die Groot Trek 'n gemeenskap ontstaan wat 'n tipiese en egte Suid-Afrikaanse gemeenskap was. Van Kaapstad was die mense van die buitedistrikte weens die lang afstande en swak verkeer grotendeels afgesny, en met die oog op die ontstaan en ontwikkeling van 'n egte Suid-Afrikaanse volk was dit ook maar goed, want aan die Kaap was daar

baie vreemde en vlottende elemente, wat ongetwyfeld op alles wat eg Suid-Afrikaans was, belemmerend moes ingewerk het.

Ja, ek praat hier uit die Kaap, en sulke woorde klink miskien minder vriendelik teenoor ons moederstad. Maar ek praat histories, in die gees van die heer Laidler wat die Kaap histories as 'n "Tavern of the Ocean" getipeer het. Aan die hoofplaas was daar 'n rustelose en byna koorsagtige strewe na materiële gewin. Hiervan getuig o.a. 'n segsman uit die jaar 1805 — hy verklaar as volg: "Alles is daar handelaar, en wel handelaar in alles; — er heerscht geene andere industrie. Zelfs een ambachtsman, zoodra hy het zoo ver kan brengen, dat hy een slaaf kan koopen en aanleeren, — dan neemt deze zyn winkel of ambacht waar; hy koopt terstond negotiegoederen, hy hangt terstond zyne vensters vol monsters van negotiegoederen, en weldra ziet men hem of zyne vrouw, of een knecht, welke hy daartoe ekspres aanhuurt, achter de toonbank staan." U sien wat die goeie inwoners van die hoofplaas by uitstek geïnteresseer het; riksdaalders en stuiwers wou hulle bymekaarmaak, — en dit moes gou gaan!

Maar watter skrille kontras bied dit nie met die lewe in die binneland nie! Hier nie die onvastheid en die rusteloosheid en die oordrewe handelsgees van die hoofplaas nie. Veel meer prosaïes was die bedrywe van die buitedistrikte — landbou en veeteelt, daarmee moes die boere 'n bestaan vind. Rustig en sonder ernstige bedreigings was dit egter nie, want in die maagdelike land was ook gevare volop. Inboorlinge, roofdiere, plantsiektes

en veesiektes het soms agtereenvolgens, en soms gelyktydig, die boer bedreig. Maar onder sulke omstandighede is daar 'n volk in Suid-Afrika gevorm; die mense van die ou Kaapse buitedistrikte was die eerste ware burgers van Suid-Afrika.

Die binnelandse boere was, soos ons hulle uit die berigte van goed-ingeligte historiese getuies leer ken, eenvoudige en opregte mense. Geleenthede vir 'n uitgebreide boekgeleerdheid het hulle nie gehad nie, maar tot hulle eer moet vermeld word dat hulle die skrale geleenthede wat hulle deur opoffering en moeite wel gekry het, goed gebruik het. Hulle kon b.v. lees en skryf, en analfabete het daar baie min onder hulle voorgekom. Bybelvastheid en gasvryheid is ander uitstaande kenmerke waarvan alle getuies, selfs die onsimpatieke Barrow, getuig. In hulle godsdiens was hulle Calviniste, en soos alle Calviniste die wêreld deur, was hulle uitgesproke voorstanders van demokrasie. Ook 'n ander belangrike eienskap moet genoem word: hulle was mense wat Suid-Afrikaanse probleme prakties leer ken het, en dié probleme uit 'n eg Suid-Afrikaanse oogpunt gesien het. En as hulle sulke probleme aangedurf het, dan was dit nie ooreenkomstig 'n teorie wat op 'n afstand uitgewerk is nie, maar ooreenkomstig die lesse van die ervaring wat hulle deur jare heen opgedoen het.

Dit alles, dames en here, het ek gesê om u nader te laat kennismaak met die mense wat op die Trek gegaan het. Ek dink u sal met my saamstem dat hulle as mense hoog gestaan het. Vir Suid-Afrika was dit ongetwyfeld gelukkig dat mense van hierdie

tipe geroepe was om die bevolkingskern in nuwe Suid-Afrikaanse gewese uit te maak.

Om die sosiale en kulturele betekenis van die Trek verder aan te toon is dit nodig om nou eers kortliks na te gaan watter toestande vóór die Trek geheers het in die gebiede wat die Trekkers binnegaan en waar hulle hul gevestig het.

Natal, wat seker een van die mooiste dele van Suid-Afrika is, en vandag tereg die Tuinprovinsie van die Unie genoem word, was vóór die Groot Trek hoofsaaklik Soeloegebied. Hier het eers Chaka en toe Dingaan met 'n wrede hand geregeer. Vir ander inboorlingstamme was hier nie ruimte en veiligheid nie; voor die woeste verowerings van die Soeloes moes hulle in alleryl wegvlug want Soeloeasgaaie het geen genade geken nie. Slegs in moeilike toeganklike berge en bosse kon ander stamme tydelik 'n geringe mate van veiligheid vind.

Nie alleen teenoor ander stamme nie, maar selfs teenoor hulle eie mense het Chaka en Dingaan met onbegryplike wreedheid en barbaarsheid opgetree. Treffende beskrywings hiervan word deur Nathaniel Isaacs gegee, wat tussen 1825 en 1832 in Natal was en toestande daar van naby leer ken het. Waar hy oor Chaka praat, kan hy byna nie woorde sterk genoeg vind om die wreedaard te beskryf nie. Op een plek sê hy o.a.: "Chaka seems to have inherited no redeeming quality; in war he was an insatiable and exterminating savage, in peace an unrelenting and a ferocious despot, who kept his subjects in awe by his monstrous executions,

and who was unrestrained in his bloody designs, because his people were ignorant and knew not that they had power".

Dit was die toestand in Natal. Wat was die toestand in ander gebiede wat die Voortrekkers binnegetrek het? In 'n groot deel van die Vrystaat en Transvaal was dit nie anders nie, net met dié verskil dat hier nie die Soeloes nie maar die Matabeles onder Moselikatse heerskappy gevoer het, en verwoesting aangerig het. Dit is bekend dat die Voortrekkers vanaf die Midde-Vrystaat tot in Noord-Transvaal baie min lewende wesens teengekom het. Wild was daar volop, maar van 'n eertydse bevolking het slegs bleek geraamtes oorgebly. Moselikatse met sy Matabelehordes het feitlik die hele gebied ontvolk. Die Voortrekkermoeder, Anna Steenkamp, getuig in verband met die Vrystaatse deel van hierdie gebied as volg: "We waren in 'n landstreek schaars van hout, doch vol van verlaten kralen en hier en daar hopen doodsbeenderen van de natiën door Selikatse vermoord en uitgeroeid".

Sulke gebiede het die Trekkers nou binnegegaan, gebiede vas in die wrede greep van inboorlingtiranne. Seer seker sal 'n mens in die geskiedenis ver moet gaan om mense te kry wat in die mate soos die Voortrekkers brengers van die beskawing was. Ons sien Louis Trigardt -- die baanbreker onder [redacted] baanbrekers -- besig om regverdigheid en orde onder sy moeilike groepie te handhaaf. As hy lank op 'n plek vertoef, moet Daniel Pfeffer die kinders bymekaar kry om hulle te onderwys te gee. Ons sien ander groepe Trekkers in opregte en toegewyde godsdiensoefening onder

leiding van Erasmus Smit byeen. Of anders is hulle weer besig om reg en geregtigheid gestand te doen -- die maatreels wat hulle by Thaba 'Nchu, by Vetrivier en by Pietermaritzburg getref het om 'n billike en onpartydige regspraak in te rig, lewer oorvloedige bewyse hiervan.

Dit is dus duidelik watter groot en vername werk die Voortrekkers in 'n maatskaplike en kulturele sin gedoen het. In hulle optrede het ons die proses van die voortsetting van die beskawing in uitgestrekte nuwe gebiede buite die Kaapkolonie. Waar voorheen die onmenslike wreedheid van barbaarse tiranne inboorlingvolke vreesbevange gehou het, of groot dele van die land ontvolk het, daar het die Voortrekkers die beskawing gebring en daar het hulle die elemente van die beskawing ingang laat vind. Die Christendom, beskaafde onderwys, demokrasie in die bestuur, billikheid in die regspleging, die morele en sedelike kode van die blankes -- kortom die beskawing van die witman, dít is wat die Voortrekkers met hulle meegedra het.

Dit spreek vanself dat hulle hierdeur uitnemende werk in belang van 'n groot blanke Suid-Afrika gedoen het, maar dit is eweneens waar dat hulle ook aan die verdrukte inboorlingstamme in die betrokke dele 'n groot diens bewys het. Vir hulle het die Voortrekkers orde en veiligheid gebring en hulle bestaansreg vir hulle gewaarborg.

Wat in verband met hierdie werk van die Voortrekkers besonder opmerklik is, is die snelheid waarmee dit uitgevoer is.

Dit het die blanke beskawimg meer as 'n honderd jaar geneem om die ou Kaapkolonie tot aan die Visrivier te verower; maar as gevolg van die Trek is 'n heelwat groter gebied binne twintig jaar vir die beskawing gewen. Dit is 'n verrassende resultaat, maar dit was moontlik, eerstens omdat, soos ons reeds gesien het, die Trekkers oor die algemeen mense van 'n hoë gehalte was. En tweedens omdat hulle getalle duisende beloop het, sodat hulle op 'n uitgebreide skaal die beskawing versprei het; op 'n veel groter skaal as b.v. die sendelinge van verskeie sendinggenootskappe wat tog maar as enkelinge op sekere punte gewerk het.

Die belangrikheid van die Voortrekkers lê ook daarin dat hulle die beskawing versprei het soos dit uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt gesond en wenslik was. Hulle kon dit doen, want hulle het toestande in Suid-Afrika deeglik geken, en het b.v. geweet dat die witman in sy optrede teenoor inboorlinge billik maar boweal beslis moet wees. In hierdie opsig vorm hulle dan 'n sterk teenstelling met sommige van die sendelinge, wat, gebrekkig ingelig soos hulle was, 'n beleid teenoor die inboorlinge voorgestaan het wat nie slegs vir die blanke nie, maar vir Suid-Afrika in die algemeen erg nadelig was.

Eindelik, dames en here, is dit 'n aspek van die maatskaplike en kulturele betekenis van die Trek dat dit 'n vername faktor was om Afrikaanse aspirasies, ideale en gebruike te handhaaf en te bewaar. Die Afrikaanse volk is reeds vóór die Groot Trek in die Kaapkolonie gevorm, en waar groot getalle Trekkers hulle in die

Vrystaat en Transvaal gevestig het, het ons hierin 'n voortsetting van die volk na die noorde toe. Groot Brittanje het hulle soewereine onafhanklikheid erken, en hier in die noorde kon die Afrikaanse kultuurgoedere betreklik vry van kontaminerende invloede voortbestaan en verder ontwikkel. Die Groot Trek het dus tot die voortsetting, die versterking en die verdere vorming van die Afrikaanse volk bygedra. Daarom moet daar in die kultuurgeskiedenis van Suid-Afrika vir die Trek 'n vername plek ingeruim word.

Laat my toe om nou kortliks op te som. In die ou Kaapse buitedistrikte is daar vóór die Groot Trek 'n egte Suid-Afrikaanse bevolking gevorm, wat maatskaplik en kultureel op 'n hoë peil gestaan het. Dat mense van hierdie tipe uitverkore was om die bevolkingskern in nuwe Suid-Afrikaanse geweste te vorm, was 'n gelukkige feit omdat hulle bevoeg was om as ware draers en verspreiders van die beskawing op te tree. Waar voorheen tirannegeweldpleging onbeperk geheers het, het die Voortrekkers orde en veiligheid gebring en die beskawing gevestig. Hierdie werk het hulle op 'n groot skaal en gou gedoen, omdat hulle hul in groot getalle metterwoon in die nuwe gebiede gevestig het. Eindelik is die Voortrekkers van belang omdat hulle baie daartoe bygedra het om die Afrikaanse kultuurbesit suiwer te bewaar.

Hiermee, dames en here, wil ek dan my praatjies oor die betekenis van die Groot Trek afsluit. 'n Mens voel dat daar iets skoons, iets verhewens, iets groots in die Trek is, iets wat elke regdenkende ingesetene van Suid-Afrika na waarde behoort te waardeer.

Mag die betekenis van die Groot Trek ons veral bring tot -- soos dr. Fuller geskryf het -- "an appreciation of that dogged courage which pervaded the spirit of those who, without profit, blazed the trail for the coming of civilization".

-o-0-o-